

Hoofstuk van die dag: Jeremia 51

Wanneer jy hierdie boekrol klaar hardop gelees het, moet jy ’n klip aan hom vasbind en hom in die Eufraat gooi en sê: So sal Babel wegsink en nie opkom nie as gevolg van die onheil wat Ek oor hom bring; sy inwoners het hulle afgesloof vir niks, sê die Here. (Jer 51:63-64)

Die berig in verse 59-64 pas kronologies heelwat vroeër in die Jeremia-verhaal in. Nadat Jojagin na Babel weggevoer is, het Nebukadnesar vir Sedekia as koning aangestel. In sy vierde jaar het Sedekia Babel besoek, vergesel deur die kwartiermeester Seraja. Jeremia het sy laaste profesie oor Babel op skrif gestel en Seraja versoek om dit in Babel aan die ballinge voor te lees, en dan in die Eufraat te gooi, simbolies van Babel wat uiteindelik sou wegsink in vergetelheid. Dit herinner aan Jesus se waarskuwing in Mark 9:42 en aan die handeling van die engel in Op 18:21, waar die verwoesting van Rome ook so beskryf word.
God is soewerein, en sy oordeel gewis. Hy het Babel as instrument gebruik, en dit kon lyk of die bose Babel en die kwaad ongehinderd voortgaan, maar God sal geregtigheid eindelik laat triomfeer.

Ons lees hierná nie weer van Jeremia nie. Volgens oorlewering is hy in Egipte deur die Jode gesteniq.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026